STAATMAKERS

AKTIWITEIT 1: INLEIDING EN KENMEKAAR

SPESIFIEKE DOELWIT
Om ‘n gees van gemeenskaplikheid en samewerking tussen die kursusgangers te vestig sodat hulle saam met die kursusleier sal onderneem om die kursusdoelwit te bereik.

STANDAARDE
a) Dat daar ‘n gees van samewerking en gemeenskaplikheid onderling gevestig sal word.
b) Dat die kursusganger vertroud sal wees met die doelwit van die kursus.
c) Dat die kursusganger sy samewerking sal gee om die kursusdoelwit te bereik.

AKTIWITEIT 2: BEGRONDING

SPESIFIEKE DOELWIT
a) Om die kursusganger vertroud te maak met die missie, doelwitte en staatmakerbelofte en hoe dit voortspruit uit die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers*.
b) Om die noodsaaklikheid te beklemtoon dat ‘n Staatmaker moet registreer as volwasse lid van *Die Voortrekkers*.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger die missie en doelwitte van die Staatmakers verstaan en duidelik kan oordra.
b) Dat die kursusganger die Staatmakerbelofte se inhoud begryp en homself daarmee vereenselwig.
c) Dat die kursusganger die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers* se inhoud begryp en homself daarmee vereenselwig.
d) Dat die kursusganger hom bereid verklaar om deur die uitlewing van die grondslag, wese en doelstellings en nakom van die belofte as beelddraer van die Staatmakers/ Voortrekkers op te tree.
e) Dat die kursusganger kennis sal dra van die noodsaaklikheid om as volwasse lid te registreer.

AKTIWITEIT 3: STAATMAKERSTRUKTUUR OP VOETSOOLVLAK

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger toe te rus om ‘n kundige bydrae as deelnemer van die Staatmaker-struktuur op voetsoolvlak te lewer.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger tussen die volgende Staatmakergroeperinge sal kan onderskei:
   * ‘n Staatmakerkommando
   * ‘n Staatmakerveldkornetskap in ‘n kommando
   * ‘n Staatmakerveldkornetskap losstaande van ‘n kommando

b) Dat die kursusganger die samestelling en struktuur van ‘n Staatmakergroepering sal kan verduidelik.
c) Dat die kursusganger die rolle en take van alle lede binne ‘n Staatmakergroep sal kan verduidelik.

AKTIWITEIT 4: STAATMAKERLEIERSKAPSTRUKTUUR

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die leierskapstruktuur en funksionering van die Staatmakers op provinsiale en nasionale vlak aan die kursusganger bekend te stel met die oog op latere deelname aan die struktuur.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger die rangkentekens en hiërargiese orde van die volgende Staatmakerleiers sal kan identifiseer (waar van toepassing):

- Hoofskakeldraer
- Provinsieskakeldraer
- Streekverteenwoordiger
- Kommandoleier
- Adjunk-kommandoleier
- Hoofgroepleier
- Groepleier
- Adjunk-groepleier

b) Dat die kursusganger die funksie van die volgende Staatmakerleiers sal kan identifiseer:

- Hoofskakeldraer
- Provinsieskakeldraer
- Streekverteenwoordiger

c) Dat die kursusganger die samestelling, funksie en hiërargiese orde van die volgende Staatmakerforums sal kan beskryf:

- Staatmakerkonferensie
- Staatmakerminikonferensie
- Vaste Komitee: Staatmakers
- Staatmakerraad

AKTIWITEIT 5: BEPLANNING, IMPLEMENTERING EN VERSLAGDOENING VAN STAATMAKERAKTIWITEITE

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger in staat te stel om met die doelstellings en grondslag as vertrekpunt, ‘n jaarprogram op te stel, suksesvol te implementeer, en daaroor verslag te doen.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger in staat sal wees om die werksprogram as volg te gebruik:

1.1 om die funksie en samestelling van die werksprogram en die klassifikasie van aktiwiteite te verstaan;

1.2 bewus sal wees van die literatuur waarin die werksprogram gepubliseer word, en waar om daardie literatuur te vind;

1.3 om die werksprogram te gebruik om ‘n jaarprogram te evalueer.

b) Dat die kursusganger vertroud sal wees met ‘n verskeidenheid tegnieke om idees vir ‘n jaarprogram te genereer.

c) Dat die kursusganger in staat sal wees om ‘n jaarprogram effektief te delegeer en te bestuur (vooraf kontrole, finansies, tussentydse verslae).

d) Dat die kursusganger in staat sal wees om na afloop van ‘n jaarprogram, ‘n jaarverslag korrek te voltooi.

AKTIWITEIT 6: GEDRAGSKODES

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die gedragskode by die kursusganger tuis te bring in so ‘n mate dat die Staatmaker homself daaraan sal onderwerp en sal besef dat hy kan groei en gedy binne die raamwerk van die gedragskodes.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger kennis dra van die inhoud en uitgangspunte van die gedragskodes vir volwasse lede sowel as betrokke provinsie gedragskodes.
b) Dat die kursusaanbieder en kursusgangers die ligter luim van die Handves van Statieregte sal besef en sodanig sal gebruik om die jeugdige aanslag op Voortrekkeraangeleenthede aan te moedig.
c) Dat die Staatmaker homself sal onderwerp aan hierdie gedragskodes.

AKTIWITEIT 7: DIENSLEWERINGSPROJEKTE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om aan die kursusganger die doel van ‘n diensleweringsprojek oor te dra, ten einde hom in staat te stel om die kennis aan te wend in sy groep/kommando/veldkornetskap se jaarlikse projek.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger oor die nodige kennis beskik om diens te lewer aan sy kommando, provinsie en die publiek.
b) Dat die kursusganger in staat sal wees om ‘n projek te beplan, administreer, uit te voer, af te handel en om sy werksprogram te voltooi.
c) Dat die kursusganger in staat sal wees om jaarlikse verslag te lewer oor alle diensleweringsprojekte wat deur die jaar aangepak is.

AKTIWITEIT 8: ADMINISTRASIE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met die administratiewe verpligtinge van ‘n Staatmaker kommando/groep.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger oor genoegsame kennis beskik om die pligte verbonde aan die portefeuljes administrasie en finansies uit te voer en te weet waar om die nodige literatuur te bekom.
b) Sodat die kursusganger die nodige administratiewe take kan uitvoer en weet waar om nodige literatuur te bekom.
c) Dat die kursusganger finansies in ‘n groep/kommando kan bestuur en weet waar om die literatuur te bekom.
d) Dat die kursusganger weet waar en hoe om heemraadslede, jeugvriend 7-lede en skakellede gebruik kan word.
e) Dat die kursusganger kennis dra van die kriteria waarvolgens aanbevelings vir die toekennings gemaak word en waar om die nodige literatuur te bekom.
f) Dat die kursusganger die kundigheidsvraelys kan gebruik en onderhou en nodige literatuur bekom.

AKTIWITEIT 9: STAATMAKERSAAMTREKKE

SPESIFIEKE DOELWIT

a) Om die kursusganger bewus te maak van literatuur wat riglyne met betrekking tot die reël van Staatmakersaamtrekke bevat.
b) Om die kursusganger bewus te maak van die verskillende Staatmakersaamtrekke.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger bewus sal wees van bestaande literatuur wat riglyne oor die reël van Staatmakersaamtrekke.
b) Dat die kursusganger bewus sal wees van die bestaan en doel van verskillende Staatmakersaamtrekke en hoe gereeld elkeen van hierdie saamtrekke plaasvind.

AKTIWITEIT 10: DIE VARS ASEM VAN DIE STAATMAKERS

SPESIFIEKE DOELWIT

Om aan die kursusganger te motiveer om as pionier op te tree en met vars idees, kreatiwiteit, inisiatief, improvisasie en tegnologiese denke aan die visie van die Staatmakers gestalte te gee onder die breë Afrikanervolk.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger wanopvattings in verband met die Voortrekkerbeweging kan identifiseer en daadwerklik in sy dienslewering sal poog om dit te verander/wysig.
b) Dat die kursusganger deur sy voorbeeld aan die jeug kan leer dat deur deursettingsvermoë en inisiatief ons wel ‘n groot sukses kan behaal.
c) Dat die kursusganger bewus is van nuwe tegnologie om hom te help om sy doel te bereik en om die gebruik daarvan aan die jeug oor te dra.

AKTIWITEIT 11: VERANTWOORDELIKHEID TEENOOR DIE VASTE KOMITEE: STAATMAKERS

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger in staat te stel om die groep/kommando/veldkornetskap se verpligtinge teenoor die Staatmakerprovinsierade en die Vaste komitee: Staatmakers na te kom.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger die pligte van die Staatmaker veldkornetskap of kommando teenoor die Staatmakerprovinsierade, insluitend finansiële verslae, jaarverslae, jaarprogram, projekte en statistieke ken en die doel daarvan verstaan.
b) Dat die kursusganger die pligte van die Staatmakerprovinsierade teenoor die konferensie en die Vaste komitee: Staatmakers ken en die doel daarvan verstaan, met betrekking tot finansiële verslae, jaarverslae, jaarprogram, projekte en statistieke

AKTIWITEIT 12: HANTERING VAN JEUGLEDE

SPESIFIEKE DOELWIT

Om leiding aan kursusgangers te verskaf om in hulle optrede teenoor jeuglede so op te tree dat hulle ‘n navolgingswaardige voorbeeld stel, dat hulle dissipline kan handhaaf op so ‘n wyse dat dit die jeuglid tot voordeel strek en dat hulle jeuglede se probleme kan identifiseer en sal weet waar om hulp te verkry vir die oplossing van die probleme.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger vertroud is met die korrekte hantering van die Voortrekkerjeug.
b) Dat die kursusganger dissipline kan handhaaf, sodat die jeuglid steeds respek vir die Staatmaker behou en die waarde van dissipline sal insien.
c) Dat die kursusganger sal insien dat sy/haar optrede as voorbeeld vir die jeuglid dien.
d) Dat die kursusganger sal weet waar om raad te soek vir die oplossing van jeuglede se probleme.

AKTIWITEIT 13: MEER AS NET 'N LEEFWYSE

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger op te lei en toe te rus met vaardighede wat bruikbaar is, nie net in Voortrekkerverband nie, maar ook in alledaagse lewensomstandighede.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger bevoeg sal wees om die volgende vaardighede met gemak te beoefen, byvoorbeeld:
   - Opstel van CV
   - Onderhoudvoering
   - Projekbestuur
   - Kommunikasie
   - Kreatiwiteit
   - Entrepreneurskap
   - Laterale denke
   - Strategiese analise
   - Besluitnemingsanalise
   - Veranderingsbestuur
   - Onderhandelingsvaardighede
   - Tydsbestuur
   - Rekenaarvaardighede
   - Internet
   - Leierskapsontwikkeling
   - Groepsdinamika
   - Kuns- en musiekwaardering

AKTIWITEIT 14: EVALUERING VAN GROEPSDINAMIKA (deurlopend)

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusgangers geleentheid te bied om te bepaal wat die kwaliteit van die groepsdinamiese proses in sy groep is en om regstellings te doen waar nodig.

STANDAARDE

Dat die kursusgangers se medewerking aan die groepsdinamiese proses sal verbeter en sal groei tot 'n hoë peil.

AKTIWITEIT 15: AFSLUITING

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die groepsdinamika te versterk en 'n treffende einde aan die kursus te gee.

STANDAARDE

a) Dat die groepsdinamika versterk sal word en bande stewig gebind sal word.
b) Dat die afsluiting van die kursus die kursusgangers sal bybly en sal aanmoedig om weer aan 'n volgende kursus deel te neem.